# Graad 8 Huistaal Leesboek

## Volksverhale [p.2]

Behandel die teorie oor volksverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

### ***Die towersak* [p. 5]**

Moontlike antwoorde

### ***Koning Leeu se geskenke* [p. 12]**

Moontlike antwoorde

### ***Die koning se ring* [p. 18]**

Moontlike antwoorde

### ***Die moeder wat stof geword het* [p.24]**

Moontlike antwoorde

### ***Die langoorprinsie en die lied uit die rietfluit* [p. 33]**

Moontlike antwoorde

# Kortverhale [p.37]

Behandel die teorie oor kortverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

## *Ouma Bangmaak se mensbome* [p. 39]

**Moontlike antwoorde**

1. Intrige
   a) Die verteller se ontdekking van die bome in sy familie, uiteindelik ook sy eie boom.
   b) Inleiding: Die verteller se ontmoeting met sy ouma.
   Ontwikkeling: Ontdekking van die familie se bome.
   Krisis: Daar is nie ’n boom vir sy ma nie, sy eie boom is verwaarloos.
   Klimaks: Die verteller kry dit nie reg om sy ouma tevrede te stel met die lesery nie.
   Slot: Ouma het ‘n nuwe boom geplant vir die verteller.
   c) Die leser weet nie of die verteller aanvaar gaan word deur die ouma nie.
   d) Deur sy/haar emosies en die interaksie met die ouma.
   e) Baie vrae in sy/haar gemoed, onseker oor die ouma se aanvaarding, bang hy/sy kan nie die ouma tevrede stel met die lesery nie, kan nie slaap nie.
2. a) Eerste boom: skeletagtig, verwaarloos, blare geel, take gebreek, naby die asgat.
   Tweede boom is ’n nuwe boom langs die trap – klein.
   b) Die verhaal maak dit nie duidelik nie – daar kan verskeie antwoorde wees.
   c) Die televisie – invloede van buite waarvan die ouma nie hou nie is vir haar duiwels.
   d) Ontuis en sonder aanvaarding, verwaarloos.
3. Individuele interpretasie.

## *Ons is almal s’n* [p. 46]

**Moontlike antwoorde**

1. Sy hou van humor. Die verhaal is vol ironie.
2. Die verskillende opinies oor die ontstaan van Suid-Afrika
3. Potgieter
4. Nee, hy het Pottie verwar.
5.

| Naam van leerder | Kultuurgroep |
|---|---|
| Pottie | Afrikaner |
| Patrick | Engelsprekend |
| Sipho | Swart |

6. Dit beklemtoon die verskille van opinies en gee die agtergrond/konteks.
7. In storietyd is enige antwoord moontlik, terwyl dit nie so is in Geskiedenis nie.
8. Individuele antwoorde met motivering.

## *Geure* [p. 51]

**Moontlike antwoorde**

1. Die verteller se ouma is ‘n skilder en sy rook sigare, terwyl Opperman se ouma waarskynlik ‘n boervrou was.
2. ’n Ode is ’n lofgedig waar die digter liries raak oor iets of iemand.

3. Vroulik – sy raak romanties as sy koejawels ruik en dink aan haar eerste soen wat sy van Peet van Jaarsveld kry. Ook die vroulike toiletware van haar ma wat sy (soos Eva) wil steel, sy verlang na ‘n romantiese aand met die reuk van Dior en Chanel wat parfuum vir vrouens is.
4. Sy is asmaties
   Sy het ‘n tuin
   Sy droom van ridders op wit perde
   Sy hou van koffie
   Sy is romanties en hou van misterie
5. Individuele interpretasie.
6. Individuele interpretasie.

## *Nog ’n ertjie in my nagrok se soom* [p. 55]

**Moontlike antwoorde**

1. Alet vertel self haar storie. Eerstepersoonsvertelling.
2. Sy ly aan anorexia.
3. Sy het oor haar hare gestreel.
4. Dit wys die verteller se angstigheid/innerlike konflik en skep spanning by die leser.
5. Sy het gedink dit maak haar vet.
6. Sy wou Kobus beïndruk en soos Juanita lyk.
7. Verskeie moontlikhede. Bv. Die ’n dieetsiektelyer se manier om kos weg te steek.
8. Verskeie moontlikhede. Bv. Kobus se woorde: “Dit het my hart gebreek om te sien hoe jy agteruitgaan.”
9. Individuele respons met motivering.
10. Individuele interpretasie.

## *Vlerke vir Bulbie* [p. 63]

**Moontlike antwoorde**

1. Hy is kort en het ietwat van ’n boepmagie – hy lyk dus soos ’n gloeilampie. Verder is hy so vol drank dat hy soos ’n gloeilamp sal gloei indien hy by die elektriese sok teen die muur ingeprop word.
2. Individuele interpretasie met motivering.
3. Sy oë en die reuk van sy asem.
4. Asof hy aan ’n Krismisboom gehang het
5. Bulbie wil hê dat die kinders reguit en eerlik met hom moet wees, en nie net indirek hulle gevoelens uitdruk nie.
6. Die onderwysers hou nie van hom nie. Die gemeenskap is baie konserwatief en is teen alkoholmisbruik gekant. Hulle wil hom nie leer ken nie en verdoem hom eerder. Daarteenoor toon die kinders meer begrip vir sy situasie al verstaan hulle hom aanvanklik nie. Hulle begin van sy humor hou en al verstaan hulle nie altyd wat hy sê nie, begin hulle van hom hou en onthou sy woorde.
7. Toe die skool die onderwyser wou laat loop.
8. Moontlike antwoorde:
   a) Eers was die leerders gekant teen mnr. Smith en later baklei hulle dat hy moes bly.
   b) Nadat mnr. Smith gestuur is na die rehabilitasiesentrum, verongeluk hy.
9. Die dag toe sy seun dood is, is mnr. Smith ook dood.
10. Die dag toe die kinders vir hom baklei, was die dag dat hy nie meer wou leef nie.
11. Vlerke is vir vlieg. Bulbie wou hê dat sy eie seun sukses moet behaal soos wat hy nie kon behaal het nie. Hy wou dus sy eie ambisie deur sy seun bevredig. Aan die einde wil Bulbie vlerke hê om weg te kom van die skande en die vernedering om na ’n rehabilitasiekliniek te moet gaan; asook oor die hartseer oor sy seun en die gemeenskap wat hom nie verstaan het nie. Vlerke

verwys dus na die bereiking van drome en ideale, maar ook van ontsnapping.

12. Individuele interpretasie.

## *Bertus se bederfdag* [p. 71]

**Moontlike antwoorde**

1. Die gedurige lawaai irriteer hom, want hy kan nie slaap nie.
2. a) Ja/Nee + leerdermotivering: verwys na draf/geen maats/niemand gee om/ens.
   b) Hy het geen maats om by te kuier nie/ hy steur hom nie aan die lewe om hom nie (nuus)/is alleen by die woonstel tydens die vakansie/ voel verwyderd van mense.
   c) Hy wil graag hê dat Denise van hom moet hou of met hom moet uitgaan/wil hê dat sy moet dink hy is "iemand".
   d) Hy moet agtien of negentien wees, want hy kan wyn in 'n restaurant bestel, maar is nog op skool.
3. Hy sal aan die polisie moet verduidelik waar hy was tydens die gebeure en waarom. Hulle sal ook wil weet of hy bewus was van die doel waarvoor hulle woonstel aangewend is en hoe die moordenaar toegang verkry het tot die woonstel.
4. Ja/Nee + Leerdermotivering
5. Ja/Nee + Leerdermotivering
6. Leerder se eie antwoord + verduideliking
7. Ons verwag dat <u>Bertus bederf</u> gaan word met iets goeds, aangesien hy 'n kompetisie gewen het, maar die <u>dag word eintlik vir hom bederf</u> weens die moord van die president uit hulle woonstelvenster.
8. a) Dit kan 'n vermomming wees of dit kan dien as maniere om hom aan die polisie te beskryf.
   b) Max wou seker maak dat niemand hom sou betrap nie.
9. Leerder se eie opsomming van die gebeure.

## *Suiwer Wiskunde* [p. 80]

**Moontlike antwoorde**

1. Dit is 'n outobiografie van 'n vrou wat onderwyseres geword het – eerstepersoonsverteller.
2. Die dame wat probleme met Wiskunde ervaar het.
3. Sy was gewild onder die nonne, want sy het gereeld voorlesings gedoen.
4. Haar hoërskooljare was moeilik, want sy het met Wiskunde gesukkel.
5. Waarskynlik nie, want 'n kind kan maklik agter raak en dalk nie emosioneel die mas opkom nie.
6.

| Mnr. Mnr. Pretorius | Mnr. Levinson |
|---|---|
| Ongeduldig en onsimpatiek hy kon ook nie humor waardeer nie | Bereid om sy leerders te ondersteun en te inspireer |

7. Ja, sy en haar meisies het later die nasionale trompoppiekompetisie gewen.

# Gedigte [p.86]

## *Die nuwe ek* [p. 86]

**Moontlike antwoorde**

1. Sy verander haar haarstyl en sit sonstrepies in. Haar roksome word ingesit sodat sy mini's dra. Naweke dra sy naellak. Haar langbroeke sit stywer.
2. Sy swaai haar heupe. Wanneer sy 'n koppie vashou, laat sy haar pinkie krul. Sy lê in 'n uitlokkende posisie in haar bikini voor die TV.
3. Ordinêr.
4. Identiteit.
5. Ouboet het genoeg gehad van haar nuwe gedaante en optrede en hy spreek haar kwaai aan daaroor. Dié wending in die situasie word verder beklemtoon deurdat dié strofe die enigste koeplet is (twee rymende versreëls) en die rymsoort is paarrym: kk.
6. Haar langbroeke sit so styf dat sy met "stokbene" loop. 'n Voëlverskrikker se bene is gewoonlik ook twee stokke.
7. Die rympatroon verskil van al die ander strofes s'n. In hierdie strofe word haar nuwe voorkoms afgetakel deur Ouboet. Strofe 7 is langer as al die ander strofes.
8. 2: bbdd / 3: eeff / 4: gghh / 5: iijj / 9: sstt / 10: uuvv
9. In strofes 5, 9, 10 lag haar huismense vir haar en word sy weer haar ou self.
10. Enige mening wat goed gemotiveer is.

## *Wat van oorlogkinders?* [p. 89]

**Moontlike antwoorde**

1. Enige van die volgende: Kinders wat wees gelaat word wanneer hulle ouers in oorlog sterf. Kinders wat beseer word, honger ly, vrees verduur in oorlog. Kinders wat in 'n oorlog sterf.
2. Ouers, omdat hulle die oorlog moes help verhoed het om hulle kinders te beskerm. Soldate, omdat hulle in die oorlog veg. Regerings, omdat hulle moes onderhandel het om die oorlog te vermy. Almal wat oorlog wil maak, omdat dit beter is om te onderhandel om vrede te kry as om oorlog te maak.
3. Die spreker verwag nie regtig 'n antwoord nie. Daar is nie antwoorde op hierdie vrae nie.
4. Dit is wat alle kinders kan en behoort te doen maar hierdie dinge is onmoontlik in oorlogstyd.
5. Vliegtuie en voëls.
6. Nee, hulle gaan skuil om nie doodgemaak te word nie.
7. Die stilte wanneer daar nie bomme val of kanonne en gewere bulder nie.
8. Die orde en harmonie van rymende versreëls ontbreek soos orde en harmonie in 'n oorlog ontbreek.

9. In al twee strofes word gevra of kinders nog die sorgelose dinge doen wat kinders gewoonlik doen, of daar nog vir hulle vreugde en beskerming en koestering is.
10. Dit is reeds beskryf en deur nie die beskrywing te herhaal nie, spreek dit harder omdat die leser hom/haar nou self moet indink wat die antwoord is. Mens kan nie met woorde beskryf wat oorlog aan kinders doen nie want woorde kan nie reg laat geskied aan hierdie gruwel nie.

## *Doemanie* [p. 88]

**Moontlike antwoorde**

1. Die dominee het ’n groot motorkar en Johannes het kaalvoet geloop. Die dominee dra ’n aanskoulike toga en Johannes het ’n kameelvel gedra. Die dominee eet artappels en vleis en Johannes het sprinkane en wilde heuning geëet. Die dominee het ’n paleisagtige huis en Johannes het in die woestyn gewoon.
2. ’n “Aeroplane-kar” verwys na ’n kar so groot en kragtig dat dit net so wel ’n vliegtuig kon wees.
3. Hy bedoel die dominee het nie regtig ’n simpatieke glimlag nie, dit is ’n aangeplakte glimlag.
4. ’n Toga so weelderig dat dit om die dominee flap (of enige ander beskrywing wat daarop dui dat die toga waai, warrel).
5. “nou sal mens djou verbeel?” Maar die volgende kan ook reg wees: “’n Proefiet van Jesus djy? djou hys ’n woestyn?”
6. djy moet djou palys-hys
7. djy moet djou palys-hys
8. a) Jesus se Profeet was ’n regte profeet en die dominee nie. (Enigeen van hierdie twee antwoorde is korrek.)
8. b) Dit versterk die gedagte van die eenvoud waarin Johannes in die woestyn geleef het. Wanneer daar ’n sin nie hoofletters of ander leestekens gebruik word nie, beteken dit die leser het geen ander hulpmiddels nie en moet met net die heel basiese skriftekens aflei wat dit beteken, so ook moes Johannes met net die heel basiese kos, klere, skuiling en vervoer oor die weg kom.
9. Hy sal nie na die dominee se weeldeartikels verwys as hy dit self gehad het nie.
10. Dit is humoristies omdat dit met die dominee spot maar dit is ook bitter omdat dit na die dominee se weelde verwys, wat die mense vir wie hy preek nie het nie.

## *Harlekyn van die dieretuin* [p. 96]

**Moontlike antwoorde**

1. Hy vermaak die mense soos ’n harlekyn in die sirkus.
2. Hy wip tussen die paal, klip en krip tot hulle skater. Versreël 6.
3. Hy spat die water so heftig, “venynig-woes”, dat dit lyk asof hy iemand daarmee wil natspat.
4. Hy sit verlate op ’n ashoop rou. (Die punt ná “rou” is die belangrike saak.)

5. Die woord “rou” kan óf as ’n werkwoord óf as ’n bywoord geïnterpreteer word omdat die enjambement al twee betekenisse moontlik maak. As versreël 11 as ’n onafhanklike sin gelees word, is “rou” ’n bywoord, as versreëls 11 en 12 as een sin gelees word, is “rou” ’n werkwoord.
6. Sy vryheid in die natuur.
7. Mense dink gewoonlik ape is agies omdat hulle nuuskierig lyk en vinnig beweeg om alles te sien, maar die aap dink die mense is agies.
8. vat hy die sak en vou. (Die punt ná “vou” is die belangrike saak.)
9. Die aap het blou aan sy lyf en dolomiet is blou.

## *Toemaar die donker man* [p. 99]

**Moontlike antwoorde**

1. Simone. Hoewel ons versigtig moet wees om biografiese inligting in die spreker se mond te lê, kan ons met redelike sekerheid aanneem dit verwys na haar dogter want haar dogter se naam is Simone. Dié opdrag lê ook buite die gedigliggaam en dit is redelik aanvaarbaar om ’n biografiese inligting daar te plaas.
2. Die donker.
3. Meneer Vergeet uit die land van Vaak. Dit is waarskynlik die mitiese figuur Klaasvakie.
4. Hy is so ’n ou man dat hy gebukkend loop. Daar is ’n maan in sy hare. Hy dra Nagtegaal in sy hart. Hy het ’n jasmyn gepluk om in sy knoopsgat te dra.
5. Mammie. Want die kind is in die vorige versreël aan die woord en Mammie troos haar dan deur te sê sy moenie bang wees vir die donker man nie.
6. Dit maak dit moontlik om af te lei hy dra nie net die maan in sy hare nie, hy dra ook vir Nagtegaal in sy hart en hy dra ’n jasmyn in sy knoopsgat.
7. Enige van die volgende in die derde strofe: die herhalende woorde “Hy roep”/die woorddeel “tok” in “tok-tok” en “toktokkies”, die woorde “soos”, rymwoorde “liefling” en “kring”, assonansie en alliterasie. Enige van die volgende in die vierde strofe: alliterasie in “naam, mammie” en assonansie in “wat” en mammie”.
8. “Wat maak hy, mammie?” / “Wat is sy naam, mammie”? / “Mammie ...”
9. Hy roep die kriekies / Hy roep die swart
10. Enigeen van die volgende twee is korrek. Nee. Want ná al haar gerusstelling sê die kind nog “Mammie ...” en die ellips (...) suggereer dat sy steeds bang is. En: Ja. Want die kind raak aan die slaap in versreël 26 omdat sy nie weer ’n vraag vra nie en haar woorde raak met die ellips (...) weg.

## *By die eeuwending* [p. 102]

**Moontlike antwoorde**

1. Daar is nie ’n antwoord op die vrae wat hy stel nie.
2. Strofe 1 dek die tyd vanaf die kruisvaarte (waarvan die eerste plaasgevind het in 1096 tot 1099) tot met die tegnologiese ontploffing en ruimtereise, dus sowat tien eeue. Strofe 2 dek die tyd wat een mens se lewe lank is.
3. Jesus het uit liefde vir die mensdom gesterf maar die mense laat nie reg geskied aan hierdie liefde nie omdat hulle oorlog maak en mag najaag.

4. Die Nazi-diktators, onder wie se bewind daar interneringskampe vir Jode opgerig is tydens die Tweede Wêreldoorlog en waarin die Jode in hoogoonde vergas is.
5. “ontploffing” en “oerknal”.
6. Die soeke na kennis het nie tot geweldige soeke beperk gebly nie want daar is soveel wedywering tussen nasies om eerste die meeste te weet en daardie kennis te verkoop dat dit tot oorloë lei. Die kernbom is maar net een voorbeeld van kennis wat tot die dood van duisende mense gelei het. (Enige ander voorbeelde van kennis wat na geweld gelei het, is ook aanvaarbaar.)
7. Die vers handel oor ’n ontploffing van kennis en mag wat nie voorspelbaar of harmonieus is nie.
8. Klik. Mens klik ’n rekenaar se muis en een menselewe is so kort in die ewigheid dat dit met net ’n klik vergelyk kan word.
9. Een mens se lewe is so kort maar die liefde wat mens versprei, brei uit en word al hoe groter soos die oerknal ook aanhou uitbrei het.
10. Die versreëls wat sonder leestekens oorloop in die volgende sluit aan by die gedagte van die oerknal wat onstuitbaar tot ’n heelal gelei het, waaronder die aarde en alles wat op die aarde gebeur het. Dit sluit ook aan by die hoofgedagte in die gedig, naamlik dat die mens nie ophou kennis soek nie, ook nie die geweld wat daarmee saamgaan nie. Dit sluit ook aan by die liefde wat soos die oerknal onstuitbaar is.

## *Dagbreekdief* [p. 106]

**Moontlike antwoorde**

1. teen dagbreek
2. Dit word letterlik en figuurlik bedoel. Die jakkals draf letterlik deur die blare en in die figuurlike sin omdat “deur die blare” ook beteken iemand is nog vaak.
3. Hy vind die jakkals oulik maar ook skelm.
4. “Hoog verhewe” beteken iemand tree eerlik op om sy kos te bekom maar dit word hier ironies omdat die jakkals juis nie eerlike werk doen soos die kewer en miere om kos bymekaar te maak nie want hy jag in die veld nie, hy slaan toe op maklike prooi soos hoenders wat in ’n hok vasgekeer is.
5. Versreëls 5, 8, 18. Dit is die einde van sinne en word gevolg deur hoofletters.
6. Die versreëls loop sonder punte oor in die volgende soos die jakkals ook vinnig en ongesiens die hoenderhok in sluip om een te vang.
7. draf die jakkals/kort teen dagbreek/deur die blare en/deur die hoenders. Selftevrede/ hoog verhewe/bo die strewer/van ’n kewer en/ook ander miere/om den brode
8. “Kalant” verwys na iemand wat lankal skelm leer optree het. Die “ou” verwys dus eintlik na “lankal”, hy het baie ervaring al is hy dalk nie oud nie.
9. Dit verwys dan na kos, voedsel en die enjambement sowel as die koppelteken maak dit moontlik om die “kos” van “kostelik” ook as kos te verstaan.
10. Nie regtig nie. Hy vind die jakkals oulik omdat hy so vernuftig is en so mooi is want hy beskryf hom ook “kostelik”.

## *Die boodskapper* [p. 100]

**Moontlike antwoorde**

1. Die aandster word ook Venus genoem en Venus is die godin van liefde.
2. In die aandklas.
3. Venus.
4. Dat die spreker lief is vir haar.
5. Daar is ’n soentjie op die omslag.
6. Dit vonkel, met ander woorde dit lyk asof die ster ’n oog is wat vinnig knip.
7. Dit gee hom die vrymoedigheid om vir sy meisie ’n liefdesbriefie te skryf.
8. Sy is so naby soos die helderste ster aan hom. Die spoed van ’n gedagte word nie deur afstand beperk nie en sy is so naby soos ’n gedagte aan hom. Dit verskyn in versreëls 5 tot 8.
9. Dit boots die vinnige en maklike beweging van die spreker en die geliefde na mekaar toe na (versreëls 3 tot 4), asook die gemak waarmee sy die briefie kan afhaal (versreël 12), asook die gemak waarmee sy die briefie as hare sal kan eien.

## *Dinosouruspartytjie* [p. 111]

**Moontlike antwoorde**

1. Miljoene jare.
2. Tyranosourus Rex was van die grootste diere in sy tyd.
3. Die Pterodaktilus het vlerke gehad en in die gedig kom dié “aangeflap”.
4. Die Stegosourus-sangers. Hulle was oerdiere met plate op die rugkant wat dalk ’n ritmiese geluid gemaak sou kon maak as hulle dit geroer het.
5. Die Brontosourus het ’n lang, slanke nek gehad soos ’n mooi vrou.
6. Dit is van broodbome gemaak en daar is vandag nog broodbome.
7. Al wat nog van hierdie diere bestaan, is juis fossiele want hulle het uitgesterf. Maar daar word ook spottend na iemand wat nooit iets lekkers wil doen nie as ’n fossiel verwys.
8. Tops, dit is geselstaal vir iemand wat baie groot of vernaam is.
9. Ons praat gewoonlik ernstig van prehistoriese diere omdat hulle uitgesterf het en dit ’n jammerte is. Maar in hierdie vers word daar partytjie gehou. Die wetenskaplike name word aangepas na byname. Die diere word gepersonifiseer om hulle voor te stel as mense wat vanaand in ’n vrolike stemming is.

10 a) die klanke wat alliteer. Almal dans die dino-wals / almal dans die riel.
b) die klanke wat assoneer. Almal dans die dino-wals / almal dans die riel.

## *Winternag?* [p. 116]

**Moontlike antwoorde**

1. In die veld, of in elk geval nie in ’n huis nie, want hy sien die sterre op die veld skyn, hy voel die wind en hy sien dou in die grashalms.
2. Vanaf die ooste (versreël 12).
3. “koud is die windjie / en skraal” / “brande” (want die veld brand gewoonlik in die winter af wanneer die gras droog is), “tot ryp in die kou” (dit ryp net in die winter en “kou” is ’n verkorting van “koue”).
4. Wanhoop, droefheid. Dit kan uitroepe van vreugde wees nie want die gedig gaan oor koue, brande, en ’n meisie wat in haar liefde verlaat is. Die “woord” treurig word ook gebruik.
5. Die veld lê so wyd om hom soos wat die Here se genade strek (versreël 5).
6. Die woord “kou” (verkorting van “koue” word gebruik” en dit kan net ryp (versreël 18) wanneer dit baie koud is.

7. Dit word vergelyk met ’n meisie wat ’n treurige lied sing nadat sy deur haar geliefde verlaat is.
8. Hy maak gebruik van digterlike vryheid om hierdie twee woorde te laat rym.
9. Dit boots kaalheid en skraalheid na, in hierdie geval figuurlik, bedoelende “koud en alleen”.
10. O, die windjie is skraal en (die velde) lê blink en kaal in die doflig.

## *Die hemel help ons* [p. 118]

**Moontlike antwoorde**

1. Dit is laat in die nag en sy huismense slaap al.
2. Versreël 8 verskyn in hoofletters, en daar is ook hoofletters in versreëls 9, 12, 15, 17, 19, 20, 21 en 22.
3. Hy maak as ’t ware verskoning dat hy eers ’n kleinletter gebruik het terwyl hy dit as ’n eerbiedsbenaming bedoel het.
4. Wanneer dit sy tyd word om te sterf.
5. “askies”.
6. Hy vra verskoning omdat hy sy vrou en seuntjies liewer het as God.
7. Hy groet as ’t ware die Here deur in versreël 1 te skryf “hello god” en in die hele gedig praat hy met God. Hy vra ook verskoning omdat hy so “casual” met die Here praat.
8. Hy vra God moet asseblief sy nommertjie uitwis met “DELETE” of “QUIT” wanneer dit sy tyd word om te sterf. Hy vra dus God moet hom nie laat sterf nie.
9. Die spreker se “nommertjie”, naamlik sy sterfdag, sal dan nie weer “opkom” nie, hy sal nie sterf nie.
10. Nee, dit is nie disrespekvol nie want die gedig ontlok wel ’n glimlag maar dit spreek eintlik van die mens se doodsvrees en nietigheid. Met sy rekenaarongeletterdheid demonstreer hy verder sy weerloosheid en onmag.

## *Waar ek staan* [p. 121]

**Moontlike antwoorde**

1. Sy het nie opgestaan nie. “Ek weet waar ek staan” is ’n vaste uitdrukking wat beteken ek weet nou wat is die situasie.
2. Diegene wat apartheid in die lewe geroep en in stand gehou het.
3. a) b) en c) Enige sin met die volgende strekking: Sy is nie werklik skynheilig nie. Sy probeer vriendelikheid bevorder maar sy kan nie vergeet van wat in die verlede gebeur het nie al wil sy. Sy is dus versigtig. Sy het vergewe maar sy sukkel nog met vertroue.
4. Ja, sy is ontvanklik want ons lees “my hart en kop is oop”.
5. Die versreëls loop oor in die volgende soos die herinnering aan apartheid in die verlede oorloop in die hede. Apartheid is ’n ou wond maar ou wonde genees soms moeilik.
6. Dit word beklemtoon deurdat dit alleen in die versreëls staan omdat die spreker wil sê ondanks haar beleefdheid en die feit dat haar hart en kop oop is, het sy voorbehoude, sy vertrou nie sommer nie.
7. Die herinnering aan en wonde van apartheid het een met die hede gebly en die vers wat nie verdeel word nie is ’n toonbeeld daarvan dat dit moeilik is om die verlede en die hede te skei.
8. goed opgevoede
9. goed opgevoede

10. Iemand wat goed opgevoed is, vertrou nie noodwendig ook die mense teenoor wie sy beleefd is nie.
11. Die uitdrukking “moenie slapende honde wakker maak nie” beteken mens moenie torring aan iets wat kon gebly het nie. In hierdie gedig word daar juis getorring aan iets wat tot die verlede hoort, die “slapende honde” word daardeur juis wakker gemaak.

## *Skaatsplankryer* [p. 121]

**Moontlike antwoorde**

1. Hy ry op ’n afdraandepad (“afdraandpad, versreël 2).
2. Hy het ’n blou denim aan.
3. Die blouswael en die windswael (versreël 5).
4. Die skaatsplankryer het ’n blou denim aan en die blouswael het ’n blouerige kleur. Die vergelyking is ook so gepas omdat die skaatsplankryer so vinnig en soepel soos ’n swael beweeg.
5. Dit het vir hom “geen swaarte”, bedoelende dit is nie vir hom moeilik om so rats te beweeg sonder om te val nie.
6. Dit kan verwys na die begeerte om vinnig te skaats. Dit kan verwys na ’n lus, ’n ronde vorm, wat sy liggaam aanneem terwyl hy die pad figuurlik “knoop” en “ontknoop”. Dit kan ook verwys na die draaie in die pad wat hy “knoop” en “ontknoop” omdat hy so vinnig daarlangs beweeg.
7. “knoop”, “vaart”, “vleg”, “maak arms oop”.
8. Hy maak sy arms oop.
9. “Sterk begeerte” verwys na sy lus om te skaats. “Skuins ry” omdat hy soos ’n branderplankryer op sy skaatsplank ry.
10. Dit boots die skaatsplankryer se vryheid na, hy laat hom deur niks stuit nie.

## *Sproeireën* [p. 126]

**Moontlike antwoorde**

1. Kaneel, anys, nartjie.
2. my nooi is in ’n nartjie, / my ouma in kaneel, / daar’s iemand … iemand in anys, / daar’s ’n vrou in elke geur!
3. Nee. Hy verwys na een vrou as net “iemand”, gevolg deur ’n ellips, wat afwagting of veelseggendheid suggereer.
4. Geheimhouding. Hy is ingenome oor sy geheim.
5. Dit maak staat op geure, en reuk is een van die sintuie.
6. Hy het gebruik gemaak van digterlike vryheid om versreëls 9 en 11 te laat rym.
7. abab / cdedfef / abab
8. Skryf twee volsinne in jou eie woorde. Strofes 1 en 3 is ’n herhaling en dit gee net te kenne daar is ’n vrou in elke geur. In strofe 2 handel hy, hy demonstreer hoekom sy nooi in ’n nartjie is. En hy voeg troos by die geur. In strofe 2 sê hy ook waar hy hierdie geur geruik het, in die Swartfoloos.
9. Skryf een volsin. “Kaneel”, “anys” en “nartjie” allitereer en dit assoneer: “kaneel”, “anys”, “nartjie”.
10. Dit simboliseer die spreker se nooi, ’n vrou wat hom vertroos.

## *Krismis op Mauritius* [p. 128]

**Moontlike antwoorde**

1. Wanneer dit met ’n hoofletter gespel word, funksioneer dit as eienaam (versreëls 1, 2, 4, 8) en wanneer dit met ’n kleinletter gespel word, funksioneer dit as ’n selfstandige naamwoord.
2. “Jy is beslis nie mý klas nie!”
3. Sy dink sy is te goed om met meneer Dodo te trou maar sy vergeet hulle twee is die laaste dodo’s op aarde en dit is dus ook haar laaste kans om te trou.
4. Hy bedoel dit is die vrou wat vir hom bedoel was om mee te trou.
5. Meneer Dodo is juis die laaste dodo waarmee sy kan trou.
6. Die krisis ontstaan omdat meneer Dodo en juffrou Dodo die laaste van hulle soort op aarde is. Omdat sy nie met hom wil trou nie, beteken dit hulle sal nooit kan voortplant nie en staar uitsterwing in die gesig.
7. Nee, sy herhaal wat hy gevra het omdat sy sarkasties of verbaas is
8. Dit is ’n vrye vers omdat die versreëls nie ’n vaste rympatroon het nie, al rym sommige versreëls. Die versreëls bevat ook nie ewe veel lettergrepe om dit ritmies te maak nie.
9. Soos die versreëls oorloop na die volgende sonder om deur ’n leesteken gestuit te word raak meneer Dodo ook blindelings verlief, hy dink nie na nie.
10. Juffrou Dodo dink ook nie na nie, sy sê wat sy sê sonder om haar deur nadenke te laat stuit, soos die versreëls ook nie deur leestekens gestuit word nie.

# Drama [p. 131]

Behandel die teorie oor dramas met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en elemente aan hulle.

## *Die losprys* [p. 134]

**Moontlike antwoorde**

1. Op hierdie manier word spaning geskep . Dit help ook om te verstaan waarom die karakters verward raak en die gebeure deurmekaar afspeel.
2. Hy het mev. Mostert by haar huis vergeet en hy vang ‘n swart vrou.
3. Sy neem aanstoot dat Moster ontsteld is oor haar kleur, sy verwys na die TRC by wie sy kon gaan kla.
4. Nee. Hy gee die geld sonder veel redekawel. Hy gee toe aan Thandi se ontvoeringsplan en dreig Sepo nie baie oortuigend nie.
5. Dit is donker op die verhoog en die klanke help dat die gehoor sal weet of raai wat nou gebeur.
6. Sy dreig dat haar man, ‘n regstellende aksie besturende direkteur, kontakte het wat die skelms lank in die tronk kan laat sit.
7. Dis nie belangrik nie, want sy kan niks omtrent die saak doen nie. Dis ook waarskynlik dat haar mond toegeplak is en dus kan sy nie praat nie.
8. Coert. Hy mak die domste foute en raak maklik deurmekaar.
9. Hulle sal die geld teruggee in ruil daarvoor dat mnr Mostert en die Motumi’s hulle nie by die polisie gaan aankla nie.
10. Ja. Hy sê nie direk vir haar nee nie. OF Nee. Hy wys haar daarop dat dit sy eie geld is wat hy terugggekry het.

## *Die boodskap* [p. 155]

**Moontlike antwoorde**

1) Dit speel af op ’n skoolterrein.
2) Sy is besig in die kantoor en moet daar wees om die telefoon te beantwoord.
3) Sy kan nie onthou wat die ouer met die eetplek se van is nie. (Sy dink dis ‘n mev .Nel en daar is ’n klomp leerders wie se van Nel is. As dit Nel is, dan is dit die ouer wat net een kind op die skool het.)
4) Ja. As dit nie waar was nie, sou hy self die boodskap kon gaan afgee. OF Nee. Hy het net nie lus om so ver te stap nie.
5) Hy kan nie goed onthou nie en is bang hy sal die boodskap op pad na die hoof vergeet.
6) Ja. Deesdae praat kinders maar so/meng hulle tale.
7) Sy is parmantig en stout/ryp vir haar ouderdom.
8) Nommer 8.
9) Hy het nie geweet dat die tweede kind nie self die boodskap aan die hoof gaan oordra het nie.
10) Moontlikhede:
    No. 1: ek vergeet dikwels om my huiswerk te doen.
    No. 2: ek is nie goed met onthou of akademiese vakke nie.
    No. 3: ek kan gou ‘n verskoning uitdink om iets nie te doen nie.
    No. 4: ek is net so parmantig soos die meisie
    No. 5: ek verstaan dikwels boodskappe heeltemal verkeerd
    No. 6: ek is nie skaam om te vra as ek iets nie weet nie
    No. 7: ek doen wat van my gevra word
    No. 8: ek spandeer graag tyd met my maats